BESKRYWINGSPUNT VIR DIE ALGEMENE SINODE

GEOGRAFIESE GRENSE EN DIE WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 32

NG GEMEENTE KESTELL

Die kerkraad van NG gemeente Kestell versoek die Algemene Sinode om hierdie beskrywingspunt saam met beskrywingspunt 2 (wat vra vir die totstandkoming van 'n kategoriale sinode) te lees. Die kerkraad vra die Algemene Sinode ook om kennis te neem van die volgende agtergrondinligting rakende geografiese groeperings van lidmate en gemeentes:

VIR KENNISNAME:

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat kerkorde artikel 32 tans as volg lui: "Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s)".
2. Die Algemene Sinode neem ook kennis van die volgende bepalings rakende geografiese lidmaatskap in die Kerkorde:

   "24.6 Die Algemene Sinode handhaaf die gebruik om gemeentes geografies af te baken."

   Terselftertyd bevat die kerkorde egter die volgende toegewing:

   "24.18 Persone kan binne die geografiese grense van 'n gemeente intrek en lidmaatskap van 'n ander gemeente verlang.

   24.18.2 Gemeentes behoort net lidmate van buite hulle geografiese grense te aanvaar indien dit prakties moontlik is om sulke lidmate te bedien waar hulle woon en dit vir sulke lidmate prakties moontlik is om aktiewe lidmate te wees van die geloofsgemeenskap."

3. Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat talle streeksinodes reeds die toegewing wat geld rakende lidmate en geografiese grense, toepas wanneer hergroeperings van gemeentes in ringe en sinodes versoek word; talle gemeentes word gevolglik op eie versoek in ringe en sinodes hergroepeer sonder dat geografiese redes die bepalende faktor is.
4. Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat moderne tegnologie (bv Zoom) dit boonop vergemaklik om gemeentes te hergroepeer in ringe en sinodes sonder dat geografiese faktore deurslaggewend moet wees.
5. Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat artikel 32 'n praktiese reëling was en nooit werklik bedoel was om hergroeperings van gemeentes uitsluitlik te beperk tot geografiese gebiede nie.
6. Die Algemene Sinode neem gevolglik kennis, dat dit teen die agtergrond van die vorige beskrywingspunt, wat die noodsaak van die totstandkoming van 'n kategoriale sinode motiveer, gepas sal wees om artikel 32 sodanig te wysig dat dit 'n duidelike verskansing sal bied vir die reeds bestaande praktyk waar gemeentes op versoek hergroepeer kan word in ringe en sinodes om ander redes as geografiese redes.

AANBEVELING

Die Algemene Sinode keur goed dat artikel 32 gewysig word om as volg te lui:

> "'n Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat VERKIESLIK geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene